

Sanlam Sambreelfonds

Opsievorm vir aanpasbare lewensvoordeel

Lid se persoonlike besonderhede			
Deelnemende werkgewer:			
Voorletters en van:			
ID nommer:		Geboortedatum:	
Werknemernommer:		Lidmaatskapnommer:	

Vul asseblief die volgende afdeling in as u aanpasbare lewensvoordeel wil kies of u huidige vlak van aanpasbare lewensvoordeel wil verander:

- Ek kies vir die eerste keer aanpasbare lewensvoordeel (**binne** 3 maande van aansluiting by die fonds of **binne** 3 maande na die aanvangsdatum van die bekendstelling van aanpasbare lewensvoordeel by die fonds)
- Ek wil my huidige aanpasbare lewensvoordeel op grond van my huwelikstaat verhoog (**binne** 3 maande na die werklike gebeurtenis) (gesertifiseerde huweliksertifikaat aangeheg)
- Ek wil my huidige aanpasbare lewensvoordeel op grond van die geboorte of wettige aanneming van 'n kind verhoog (**binne** 3 maande na die werklike gebeurtenis) (gesertifiseerde geboortesertifikaat/aannemingsdokumente aangeheg)

Ander omstandighede

- Ek kies aanpasbare lewensvoordeel vir die eerste keer (**na** 3 maande na aansluiting by die fonds), en ek stem in om bewys van versekerbaarheid te lewer (onderhewig aan die Versekeraar se goedkeuring)
- Ek wil my huidige aanpasbare lewensvoordeel op grond van ander omstandighede verhoog, en ek stem in om bewys van versekerbaarheid te lewer (onderhewig aan die Versekeraar se goedkeuring)
- Ek wil my huidige aanpasbare lewensvoordeel verminder

Hiermee herroep ek al my vorige keuses en versoek ek dat die fonds my aanpasbare lewensvoordeel soos volg verander:

Dui asseblief u gekose vlak van aanpasbare lewensvoordeel aan (uitgedruk as 'n veelvoud van salaris) deur die toepaslike blokkie te merk.

0	0.5	1.0	1.5	2.0	2.5	3.0	3.5	4.0	4.5	5.0	5.5	6.0	6.5	7.0	7.5	8.0	8.5	9.0

Let asseblief op die volgende belangrike bepalinge en voorwaardes:

1. U totale sterftevoordeel is die som van u konvensionele lewensvoordeel (die verpligte dekkingsvlak soos gekies deur u werkgewer) en u aanpasbare lewensvoordeel.
2. Die maksimum bedrag van die aanpasbare lewensvoordeel mag nie meer as 3 keer die bedrag van die u konvensionele lewensvoordeel wees nie. As u byvoorbeeld konvensionele lewensvoordeel van 2 x jaarlikse salaris het, is die maksimum aanpasbare lewensvoordeel 6 x jaarlikse salaris. Dit gee u 'n totale lewensvoordeel van 8 x jaarlikse salaris. Die maksimum konvensionele lewensvoordeel plus aanpasbare lewensvoordeel is 15 x jaarlikse salaris.
3. U mag aanpasbare dekking kies, mits dit binne drie maande na die volgende gebeurtenisse gedoen word (onderhewig aan die gratis dekkingslimiet):
 - a. Aanvang (aanpasbare lewensvoordeel vir die eerste keer)
 - b. Huwelik (uitsluitend paartjies wat saamwoon asof getroud)
 - c. Geboorte of wettige aanneming van 'n kind
4. Die aanpasbare lewensvoordeel soos in punt 3 is onderworpe aan bewys van versekerbaarheid in gevalle waar die lid se toepaslike dekking (konvensionele lewensvoordeel plus aanpasbare lewensvoordeel) die gratis medies vrye dekkingslimiet oorskry.
5. Wanneer die aanpasbare dekking verhoog word by die huwelik, geboorte of wetlike aanneming, is dit ook onderworpe aan die **bewys van die gebeurtenis** tot die Versekeraar se tevredenheid (bv. gesertifiseerde afskrif van die huwelik-, geboorte- of aannemingsertifikaat).
6. Lede van 55 jaar en ouer wat 'n lewensvoordeel wil kies, moet bevredigende bewys van versekerbaarheid lewer (onderhewig aan die Versekeraar se goedkeuring) by alle gebeurtenisse. Die gratis medies vrye dekkingslimiet is nie van toepassing nie.
7. As u vir die eerste keer aanpasbare dekking kies, (anders as die aansluitings-/intreedatum) of u kies om u aanpasbare dekking te verhoog in ander omstandighede met uitsondering van punt 3 hierbo, moet bewys van versekerbaarheid gelewer word. Die gratis medies vrye dekkingslimiet is nie van toepassing nie.
8. Ten opsigte van aanpasbare dekking in ander omstandighede, is premies slegs betaalbaar nadat die lid die nodige mediese inligting verskaf het, beoordeel is en deur die Versekeraar dekking toegestaan is.
9. U mag dekking kies in inkremente van 0.5 x u jaarlikse salaris tot die maksimum van u eie keuse, maar nie meer as die aanpasbare lewensvoordeel soos voorgeskryf deur u werkgewer nie.
10. Let asseblief daarop dat 'n twee jaar selfmoordklousule van toepassing is op die aanpasbare lewensvoordeel (vanaf aanvangsdatum) of enige verhoging in die aanpasbare lewensvoordeelvoordele (vanaf aanpassingsdatum).
11. Die effektiewe datum van die aanpasbare lewensvoordeel soos gekies deur die lid, of die verhoging in die omstandighede soos uiteengesit in punt 3 hier bo, is die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die lid hierdie vorm geteken het. Indien die lid hierdie vorm op die eerste dag van 'n maand geteken het, sal die effektiewe datum die eerste dag van daardie maand wees.

Vrywaring:

Die persoonlike inligting (PI) wat in hierdie vorm aangevra word is verpligtend vir operasionele en administratiewe prosesse, en om aan regulatoriese vereistes te voldoen. Indien die verpligte inligting onvolledig is, is dit moontlik dat u versoek nie verwerk kan word nie. Sanlam Lewensversekering Beperk sal redelike maatreëls tref om te verseker dat die PI wat deur hierdie vorm ingesamel word verantwoordelik verwerk sal word, veilig en vertroulik bewaar sal word, en nie op 'n onbillike wyse op u privaatheid inbreuk sal maak nie. U kan die Sanlam Privaatheidskennisgewing by <https://www.sanlam.com/legal/pages/sanlams-privacy-policy.aspx> lees. Dit kan ook op versoek aan u gestuur word. U kan u kontakbesonderhede bywerk deur op ons ledeportaal by <https://cp.sanlam.co.za> te registreer en in te teken, of e-pos te stuur aan SCClientCare@sanlam.co.za of 086 122 3646 te skakel.

Hiermee verklaar ek soos volg:

Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir my keuses en vrywaar en onderneem hiermee om nie Sanlam Sambreelfonds, sy Raad van Trustees of Sanlam Werknemervoordele, sy verteenwoordigers, direkteure, beamptes en enige entiteit in die Sanlam-maatskappy verantwoordelik te hou vir enige verliese of gebeurlikheid wat uit my keuses kan voortspruit nie.

Geteken te op (datum)

Lid se handtekening

Werkgewer se handtekening

Epos asb. die voltooide dokumentasie na: sanlameb@sanlam.co.za